

29 Mei

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 2:1-13
Fokusgedeelte: 2 Timoteus 2:9

Die lewende Woord van God is te kragtig vir boeie

Om tot ongewenste persoon in die samelewing of werkkring verklaar te word, is iets waaraan ons nie graag wil dink nie. Om tot ongewenste persoon verklaar te word op grond van jou geloofsoortuiging, is genadiglik nie iets wat op wetlike wyse in ons land afgedwing word nie. Dalk is ons te min dankbaar vir die deure wat dié stand van sake vir ons oopsluit. Die apostel Paulus het presies dit aan eie lyf gevoel, naamlik wat dit behels om ter wille van dit wat jy uit geloofsoortuiging sê, vervolgt te word en in die gevangenis as 'n kriminele persoon te beland.

Is dit nie ironies nie? Paulus wat die boodskap van bevryding in Christus bring, word in die gevangenis geboei. Hy raak nie sinies en swartgallig hieroor nie. Hy ontvang genade om van homself af weg te kyk. In die gevangenis waar Paulus verkeer, praat hy ook nie die taal van iemand wat heeldag net aan die dood dink nie. In vers 8 word gelowiges opgeroep om te besef dat hulle nie in 'n dooie Christus glo nie. Soos gelowiges in Christus gesterf het, het hulle ook in Hom opgestaan.

Ons lewens is allermins 'n requiem van Jesus se dood. Ons lewe 'n opstandingslewe met die besef dat God lewend is. Ons dink baie maal dat die weerstand wat losbreek daar waar die Woord gebring word, die einde van die pad is. Ons voel so maklik soos 'n mislukking en wonder of dit nie beter is om te swyg nie. Vers 9 sê egter dat mense wel geboei word, maar niemand kan God se Woord boei nie. Ons bemerk hierdie feit in lande waar gelowiges vervolgt word. U sien dat Paulus wel geboei word, maar tronkbewaarders kom tot geloof. Paulus verkeer in die gevangenis, maar mense in die keiser se paleis word deur die Woord gegryp. Paulus verkeer in die gevangenis, maar sy briewe word oral in die bekende wêreld gelees.

Niks skrik God af nie, want die lewende Woord van 'n lewende God word nooit gekeer nie! 'n Lewende Woord roep om lewende evangeliedraers as mikrofone.

Sing: Skrifberyming 15-1:4

Dr. FP Kruger (Meyerspark)